

## 2 Junie Josua 24:13-21

(Teks: 24: 19)

### ***Dink mooi...***

Josua vra van die Here se volk 'n nuwe bevestiging dat hulle Hom alleen sal dien, noudat hulle in die beloofde land gevestig is. Maar wanneer hulle onomwonde "ja" sê, kom hulle leier met 'n nuwe ding: Julle kan die Here nie dien nie... En dan nog terwyl hulle so opgewonde is oor die land wat hulle verniet gekry het en met die slawerny van Egipte en die uitmergelende woestyn agter die rug. Die wonders van die Here is vars in hulle geheue! Nee, die Here is ons God. Dit kan tog nie anders nie. Ons beaam van harte sy roeping en verkiesing toe Hy gesê het: Julle is My volk.

Die volk het hulle blykbaar daarvoor ontstel dat Josua hulle woord in twyfel trek. Josua bedoel egter nie om beledigend te wees nie. Hy sê met groot erns vir die volk: Dink mooi... Dink weer. Julle is in die diens van die Here, 'n God by wie alles heilig is. Sy liefde vir julle is heilig, uitsonderlik. Sy trou aan sy verbond is heilig, uniek. Sy paaie wat Hy met julle geloop het is heilig. Niks wat Hy is en doen is goedkoop en lig en ignoreerbaar nie.

En het ons dit nie as Christene met verwondering gesien nie! Alles wat met Christus gebeur het is heilig: Heilige liefde én heilige toorn!

Dink mooi en dink weer... en dink gedurig daaraan: Om die Here se liefde te beantwoord in verbondsgheoorsaamheid is baie meer as vinnige besluite, voortvarende beloftes, 'n bietjie probeer. Ja, eintlik kan ons nie voldoen aan die hoë eise van die Here nie. En tog ook, want sy Gees vul ons met verwonderende dankbaarheid oor alles wat verniet gegee word uit 'n heilige liefde.

Sing Psalm 1:4

Ds. AJ. du Plessis (Emeritus)